



➔ deur dr. George de Kock

Die eerste uitbreking van Slenkdalkoors sedert 2011 is op 28 April vanjaar naby Jacobsdal in die Vrystaat aangemeld en volgens die amptelike verslag van die Wêreld-dieregesondheidsorganisasie (OIE), soos gerapporteer deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF), is 250 skape uit 'n trop van 600 dood.

Die hoë morbiditeit dui daarop dat die trop as geheel vatbaar was, wat op sigself 'n aanduiding is dat die diere nie teen Slenkdalkoors ingeënt was nie. Die hoë mortaliteit is ook kommerwekkend.

Leer uit die verlede

Die vorige uitbreking in 2008 tot 2011 het as 'n enkele uitbreking in Januarie 2008 onder beeste in Bela-Bela begin. Die daaropvolgende somer is gekenmerk deur klein, geïsoleerde uitbreekgevalle wat beperk was tot die noordelike provinsies, met die eerste gerapporteerde uitbreking onder skape in Mei 2009 (in Mpumalanga). Die eerste geval in die Noord-Kaap is in Oktober 2009 aangemeld, maar teen die einde van die somer was die siekte wydverspreid in die Vrystaat, die oostelike distrikte van die Noord-Kaap sowel as die noordelike dele van die Oos-Kaap.

'n Jaar later het die siekte so ver versprei dat dit die winterreënvalgebied van die Wes-Kaap ingesluit het. Altesaam 258 mense (meestal boere en plaaswerkers) was ook besmet, met 25 bevestigde sterftes.

Wolproduksiestatistiek van Cape Wools SA (CWSA) toon dat wolverliese van nagenoeg 7 147 miljoen kg ter waarde van R750 miljoen tydens vorige uitbrekings van Slenkdalkoors tussen 2010 en 2012 voorgekom het. Indien vleisinkomste ook in aanmerking geneem word, is dit 'n astronomiese verlies van R2.253 miljard.

Dit is insiggewend dat die gemiddelde verliese amper 80% minder was by produsente wat voor 2010 reeds al die diere voorkomend ingeënt het. Inenting tydens die uitbreking was van minder waarde, moontlik omdat boere in die opname genoem het dat hulle meer as een dier per naald ingeënt het. Verdere studies van uitbrekings sover terug as 1950 dui daarop dat Slenkdalkoors-epidemies herhaaldelik in dieselfde distrikte voorkom.

Soortgelyke bevindings is ook in Kenia gemaak. Die area wat die vatbaarste is vir groot en omvangryke Slenkdalkoors-uitbrekings is die Vrystaat, die oostelike dele van die Noord-Kaap en die noordoostelike dele van die Oos-Kaap. Kwazulu-Natal en Mpumalanga beleef meer gereeld meer geïsoleerde uitbrekings.

Uit bogenoemde kan daar 'n paar gevolgtrekkings gemaak word wat van toepassing is op die huidige situasie en wat, indien die bedryf daarop ag slaan, 'n herhaling van die 2010-epidemie kan voorkom.

- Eerstens moet ons bewus wees dat hierdie uitbreking die voorloper kan wees van verdere uitbrekings in die komende somer.
- Tweedens moet ons kennis neem dat voorkomende inenting wel 'n positiewe impak gehad het en dat dit, gegewe die epidemiologie van die virus, die enigste effektiewe voorkomende maatreël is.
- Derdens moet ons die geweldige potensiële verliese in ag neem indien hierdie uitbreking nie met die nodige erns benader word nie.
- Verder moet ons in ag neem dat die streke wat die vatbaarste is vir groot uitbrekings ooreenstem met distrikte waar groot hoeveelhede wol geproduseer word.

In die lig van bogenoemde faktore het Cape Wools Slenkdalkoors nou geïdentifiseer as 'n risiko vir volhoubare ekonomiese wolproduksie. Die Cape Wools produksie-adviesdiens, soos uitgevoer deur die NWKV, wolmakelaars BKB en CMW, sowel as private veeartskonsultante het 'n riglyn vir inenting teen Slenkdalkoors opgestel. Die riglyne moet egter slegs as algemene riglyne beskou word, en wel met inagneming van die volgende beginsels, naamlik dat, te midde van 'n uitbreking:

- 1 die gebruik van lewendige entstof nadelig kan wees;
- 2 die virus deur middel van inspuitingsnaalde oorgedra word;
- 3 Slenkdalkoors in die meeste gevalle slegs

(BLAAI OM)



'n verbygaande, onopsigtelike reaksie by volwasse skape veroorsaak;

- 4 die winter die geskikste tyd is om voorkomend te ent;
- 5 daar onlangs 'n paar lotte OBP lewende Smithburn-entstof onder toesig van dr. Hobson getoets is en die bevinding was dat die entstof goed werk; en
- 6 dat die gebruik van die lewende entstowwe wel nadelig vir dragtige diere kan wees en wel tot aborsies kan lei.

Immunisering 2018

Die 2018-uitbreking is vanweë die sameloop van verskillende omstandighede besonder geskik om deur voorkomende maatreëls beheer te kan word: die vorige uitbreking en die katastrofiese gevolge is nog vars in produsente se geheue; ons het 'n hele winter om diere effektief te immuniseer; OBP het die afgelope 10 jaar groot uitgawes aangegaan om die gehalte van entstowwe te verbeter; en die bedryf is veel beter gekoördineer om 'n gesamentlike inentingsveldtog te loods as 10 jaar gelede.

Ter opsomming, die Cape Wools Slenkdalkoors-werksgroep is van mening dat daar met voorkomende immunisering wel gekeer kan word dat die 2018-uitbreking dieselfde katastrofiese omvang as die vorige uitbreking gaan hê.

In Jacobsdal en aangrensende distrikte word aanbeveel dat alle niedragtige skape, bokke en beeste met die lewende verswakte Smithburn-entstof ingeënt word, en dat dragtige diere twee keer met die dooie OBP-entstof geënt word, of alternatiewelik om te wag tot ná lamtyd en dan met die Smithburn te ent. Verder sou ons aanbeveel dat niedragtige ooie en oilammers weer in die vroeë lente 'n Smithburn-skraagdisos kry.

Vir die res van die somerreënvalgebiede sal die volgende aanbeveling geld: ent alle niedragtige vroulike diere gedurende die winter met die lewende Smithburn-entstof en wag vir die dragtige diere om klaar te lam/kalf, waarna hulle ook soos bo geënt word. Lammers is meer vatbaar, ons sou dus aanbeveel dat ooilammers 'n skraagdisos Smithburn-enting kry.

Op grond van vorige uitbrekings sal ons ook 'n lente-skraagdisos onder niedragtige ooie met die lewende entstof aanbeveel in alle distrikte wat in 2010 geaffekteer was. Die totale koste per dier ná twee inentings sal omtrent R13 beloop, maar gegewe dat hierdie program lewenslange immuniteit verskaf, is die koste minimaal en vir 'n oilam werk dit uit as minder as R2 per produktiewe jaar.

Dit sal onverantwoordelik wees vir skaapboere in die winterreënvalgebied om nie teen Slenkdalkoors voorsorg te tref nie, en 'n eenmalige enting met Smithburn vir niedragtige ooie sowel as ooilammers word aanbeveel.



Die NKVV rig 'n ernstige en dringende versoek aan boere om onmiddellik vir hul Slenkdalkoors-entstof aan te koop. Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) het tans genoeg voorraad van dié entstof, en deur betyds aan te koop kan jy gereed wees sou daar wel 'n tekort ontstaan.